# ADVERTEER JOU BESIGHEID

IN LAERSKOOL PIERNEEF SE SKOOL DAGBOEK VIR 2022
VIR MEER INLIGTING KONTAK ZOË COERTZE
079 407 5863 ZOE@PRODUCTIONX.XO.ZA

LAERSKOOL PIERNEEF

STAAN VAS

**SAAMRY GELEENTHEID GESOEK**



Vervoer geleentheid gesoek in die oggende vanaf De Beer straat na Laerskool Pierneef vir 'n seun. Bereid om by te dra vir brandstof. Kontak Anzel 076 024 1577

**0/13 HOKKIE**

Hoërskool Oos-Moot wil graag die 0/13 leerders uitnooi om saam te kom oefen.
**Tyd:** Donderdae 14:00 tot 15:30
**Plek:** Hoërskool Oos-Moot
Leerders is welkom om net op te daag.
Vir hokkie navrae kontak asseblief Me. V. Gertzen (v.gertzen@oos-moot.co.za)




www.laerskoolpierneef.co.za


# LAERSKOOL PIERNEEF

Pierneefstraat 940, Villieria, 0186 • Posbus 26042, Gezina, 0031 • ☎ (012) 329-2369 • (012) 329-2383

STAAN VAS


## Omsendbrief 38/2021
## 22 November 2021

**PREFEK WERKSWINKEL**

Nuwe prefek werkswinkel en opleiding Maandag 29 November 2021 in skooltyd.



**A+ Students (Wiskunde)**

Baie geluk aan die volgende leerders wat puik presteer het by die "A+ National Championship 2021".

- Tanya Wainwright Graad 6 - Brons
- Reuben Stodart Graad 6 - Silwer
- Rouan Stodart Graad 4 - Champion.

**GRAAD 7 AFSKEID**

Die Graad 7 afskeid vind op 3 Desember 2021 plaas.

Daar gaan ook 'n Pelgrimstog (Camino) om 8H00 wees wat leerders saam met hul ouers kan stap. Deelname aan die Pierie Camino is vrywillig. Skrywe is reeds verlede week uitgestuur. Ons doen 'n beroep op u om asseblief die skeurstrokie voor of op Donderdag 25 November 2021 te stuur na mnr. B. Steyn.



**SKOOLFONDS 2022**

Die tariewe vir 2022 is as volg:

**1. SKOOLFONDS - Gr. RR tot 7**

Die skoolfonds beloof R1200-00 per maand per kind vir 11 maande (R13200-00).
Indien skoolgelde ten volle betaal is teen 31 Januarie 2022 kwalifiseer u vir 'n 10% korting (R13200-00 minus R1320-00 = R11880-00).



**2. NASKOOL**

Die gelde vir 2022 vir die naskool beloop R570-00 per leerder per maand vir 12 maande (R6840-00).
Indien naskoolgelde ten volle betaal is teen 31 Januarie 2022 kwalifiseer u vir 10% korting (R6840-00 - R684-00 = R6 156-00).

**FINANSIES**

Baie dankie vir betalings ontvang ten opsigte van skoolfonds.
Uitstaande skoolfonds vir 2021 moet asseblief teen 10 Desember 2021 vereffen wees.
Vir enige verdere navrae, kan u 'n e-pos stuur na Magda Schutte finansies@laerskoolpierneef.co.za

**PAKKETTE 2022**

Die pakkette vir volgende jaar is soos volg:

Gr. RR - R350-00
Gr. R - R370-00
Gr. 1 - R580-00
Gr. 2 - R550-00
Gr. 3 - R470-00
Gr. 4 - R400-00
LSEN vlak 1tot 3 - R350-00
LSEN vlak 4tot 5 - R350-00
Gr. 5 - 7 Geen Pakkette (lyste sal verskaf word.)

Skryfbehoefte pakkette is beskikbaar, bestelvorm met betalingsbewys kan per e-pos gestuur word na: finansies@laerskoolpierneef.co.za






Die naskool sluit 15 Desember 2021 en sal weer op 10 Januarie 2022 oopmaak.
Let ook asseblief op die nuwe naskool tariewe op bladsy 1.
Indien u kind in 2022 steeds in die naskool is, moet u ook die nuwe inskrywingsvorm voltooi en terugstuur na admin@laerskoolpierneef.co.za of u kind kan die vorm vir tannie Mariette bring.
Baie dankie vir u samewerking in hierdie verband.



Pieries wees veilig!
Dra jou masker.

Die skooltye is soos volg :

| | | | |
|---|---|---|---|
| Gr. RR & R | - | 07:30 tot 12: 30 | Maan- tot Vrydag |
| Gr. 1 | - | 07:30 tot 12:45 | Maan- tot Vrydag |
| Gr.2 | - | 07:30 tot 12:45 | Maan tot Vrydag |
| Gr. 3 | - | 07:30 tot 13:00 | Maan- tot Donderdag |
| Gr. 4 - 7 | - | 07:25 tot 13:35 | Maan- tot Donderdag |

Vrydag

Die skool verdaag om 13:00 vir die Gr. 3 tot 7 leerders.
Gr. 4 - 7 leerders wat na 07:30 skooltoe kom, moet ASSEBLIEF eers by die kantoor aanmeld.

# WIT OLIFANT MARK

**Die Gr7's beplan om 'n Wit Olifant Stalletjie te hou ten bate van Laerskool Pierneef vroeg in Desember.**

**Ons benodig enige bruikbare items wat by u huis rondstaan:**

Antieke en "Vintage" items
Antieke en "Vintage" meubelstukke
Breekware
Kombuisware
Ornamente
Elektriese Toestelle
Hoë-kwaliteit klere in 'n goeie toestand bv.
Zara, Country Road, Trenery, Mango, Forever New ens.

Die items kan afgegee word by die kantoor - daar is 'n houer beskikbaar.
Donasies sal geneem word tot 03 Desember.
Indien u groter items wil skenk, kan u 0814502469 skakel / whatsapp vir reëlings.



L P
STAAN VAS